



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

PUNTE VAN ORDE

FEITEBLAD 6

HERSIENING 1, 13 JULIE 2016

Punte van orde word geopper om die Voorsittende Beampte se aandag op beweerde oortredings van die staande reëls of bestaande gebruike tydens debatte te vestig.

Lede het die reg en die verantwoordelikheid om onmiddelik wanneer 'n beweerde oortreding voorkom, die Lid aan die woord te onderbreek en die ongerymheid kortliks aan die Voorsittende Beampte te verduidelik.

Lede mag nie hul punte van orde met lang toesprake verduidelik en sodoende die tyd van die Huis misbruik nie. Die aandag van die Voorsittende Beampte moet onmiddelik, die oomblik wat die plaasvind, op 'n verbreking van die reëls gevestig word, anders sal die punt van orde nie gepas wees nie.

Die Lid wat die punt van orde opper, moet na die toepaslike reël verwys. As die Lid nalaat om die toepaslike verwysing te gee, kan die Voorsittende Beampte hom/haar versoek om dit te doen.

Lede mag nie punte van orde opper of die Voorsittende Beampte onderbreek wanneer hy/sy die Huis toespreek nie.

Slegs die Voorsittende Beampte hanteer punte van orde wanneer hulle gestel word, nie wanneer hulle vooruitgehoor word nie, en hy/sy sal nie 'n beslissing oor 'n hipotetiese vraag oor prosedure maak nie. Die Voorsittende Beampte hoef nie vir 'n Lid te wag om sy/haar aandag op 'n oortreding te vestig nie, maar kan sake hanteer soos dit plaasvind.

Lede mag nie ligsinnige punte van orde opper nie en hulle mag ook nie punte van orde spottenderwys opper nie. Lede wat punte van orde opper terwyl hulle baie goed weet dat die punte wat hulle opper nie geldig is nie, loop die risiko om nie deur die Voorsittende Beampte erken te word wanneer hulle wel geldige punte van orde wil opper nie.